BANGMAAKSTORIES

Het jy ook die stories gehoor wat oral vertel word dat ons na onafhanklikheid nog baie moeiliker gaan lewe omdat kos skaars gaan wees, dat kinders nie meer skool sal gaan nie en dat ons huise en ander besittings van ons weggeneem gaan word?



Hoe voel jy as vrou wanneer jy al hierdie stories hoor? Bang en onseker oor jou lewe? Wonder jy hoe gaan jy verder jou huis aan die gang hou en jou kinders versorg?

Hoe kan ons die bangmaakstories hanteer? SISTER het 'n paar gedagtes om ons mede-susters gerus te stel:

- Niemand weet werklik wat na onafhanklikheid gaan gebeur nie. Maar die mense wat hierdie stories vertel wil verwarring en verdeeldheid skep.
- 'n Verwarde persoon is magteloos - a confused person is powerless. Ten spyte van hierdie stories, is dit belangrik dat jy verseker en veilig binne jouself voel.
- Dink daaraan dat die waarde wat jy as vrou het in die samelewing nie van jou weggeneem kan word deur enige politieke bestel nie.

- Gee jou kinders liefde en ondersteuning. Wees positief teenoor ons land se toekoms en jy sal die mense rondom jou aansteek om meer positief te wees.
- Al is jou kosvoorbereiding eenvoudig, gee die kos met 'n warm hart. Maak kontak met die mense om jou want ons almal het mekaar nou nodig.
- Jy het niks te vrees as jy verseker binne jouself voel nie. As jy sterk voel, moedig die vroue om jou aan om ook sterk te voel - feel joy and power.